# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 234 · 21 MEI 2021**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za



# SES OP-NETBALSPELERS!

Baie geluk aan dié ses dogters wat in verskeie Oos-Kaap netbalspanne opgeneem is.

Agter (van links): Anél Strauss; Leila Nel; Hanniska van Vuuren
Voor (van links): Quiné Zeelie; Saskia Kleinhans; Jade de Jager

Framesby is trots op julle!!

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7

# LANDLOOP UITSLAE:

Landloop by Gelvandale
Alhoewel baie minder Framesby-atlete as gewoonlik deelgeneem het, het Framesby nog steeds hul stempel by die derde liga wat by Gelvandale plaasgevind het,  afgedruk. Ons gestreepte frokkies was orals in die voorste linies van die wedloop. Die Saterdae-ligas is baie meer kompeterend, aangesien die hele Oos-Kaap deelneem.




Uitslae:
1. Terrence Oelofse - 4de- seuns o/19
2. JJ de Lange - 6de - seuns o/14
3. Sune du Preez - 2de - dogters o/17
4. Zanri Black- 3de - dogters o/16
5. Elanca van Jaarsveld - 4de - dogters o/16
6. Incke Conradie - 5de - dogters o/16
7. Ilze Hattingh - 6de - dogters o/16
8. Alouise Vosloo - 4de - dogters o/14
9. Ilke Wolmarans - 5de - dogters o/14
10. Tania Boshoff - 7de - dogters o/14

Baie geluk aan die atlete!




# HOKKIE



Baie geluk aan die volgende dogters wat deurgedring het na die volgende rondte van hokkie proewe: Shani Dames (o/16), Milla Otto (o/16), Anya Weyers (o/18), Miecke Smuts (o/18), Denise Van Der Spuy (o/18) en Clarissa Van Rooyen (o/18).

Baie geluk aan Milla Otto wat na die finale rondte deurgedring het.

Knap, gedaan meisies!

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SPORT UITSLAE:

**Muurbal: 14 Mei**

3de wen teen Muir 8 – 7

2de verloor teen Kirkwood 3 – 12

**Rugby vs Graeme College: 15 Mei**

| | | |
|---|---|---|
| 14 A | wen | 29 – 19 |
| 14 B | wen | 43 – 0 |
| 15 A | wen | 29 – 0 |
| 15 B | wen | 29 – 0 |
| 16 A | wen | 19 – 12 |
| 16 B | wen | 29 – 14 |
| 3de | verloor | 26 – 27 |
| 2de | wen | 12 – 10 |
| 1ste | verloor | 15 – 38 |

**Hokkie vs DF Malherbe: 15 Mei**

1ste dogters wen 8 – 0

1ste seuns wen 3 – 1





# GIMNASTIEK UITSLAE:

Simonique Grobler (Gr. 8) en Leolin Petersen (Gr. 9) het aan die eerste rondte van die Madiba Bekerreeks deelgeneem. Gimnaste van regoor Suid-Afrika het aan hierdie kompetisie deelgeneem.

Hulle albei het uitstekend gevaar:
Simonique het drie eerste plekke (Goud) in Tuimel, Trampolien en Doublemini Trampolien verwerf (AG dogters 13/14-jaar). Leolin het twee eerste plekke (Goud) in Tuimel en Trampolien verwerf en 'n tweede plek (silver) in Doublemini Trampolien (AG dogters 15/16-jaar). Knap gedaan, meisies!



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BEROEPSINLIGTINGSAAND



Izèlle Palmer van Sol-Tech het ‘n beroepsinligtingsaand by Hoërskool Framesby op 10 en 11 Mei gehou. Sol-Tech is ’n privaat beroepsopleidingsinstelling wat op Christelike waardes gefundeer is en Afrikaans as onderrigmedium gebruik.

Sol-Tech bied formele opleiding in die volgende studierigtings aan: Outo-elektrisiën, Elektrisiën, Meulmaker, Dieselwerktuigkundige, Passer-en-draaier, Sweiser, Trekkerwerktuigkundige en Gereedskapmaker. Sol-Tech fokus op beroepsopleiding wat tot die verwerwing van nasionaal erkende, bruikbare kwalifikasies lei. Die kwalifikasie wat studente by Sol-Tech verwerf, dien as fondasie om verder te studeer en uiteindelik 'n erkende ingenieurskwalifikasie te verwerf. Sol-Tech het dus ten doel om jongmense se toekomsdrome met betrekking tot loopbaanontwikkeling deur doelspesifieke opleiding te verwesenlik. Sol-Tech wil vandag, môre en oormôre steeds daar wees om 'n diens aan jongmense te lewer.

Sol·Tech




Wat is skaars vaardighede?
In die moderne wêreld is dit noodsaaklik dat elke nuwe geslag beter as die vorige geslag opgelei word. Die uitdaging is dat die opleidingslandskap in Suid-Afrika radikaal verander het en dat landsburgers daarby moet aanpas of verarm. Naskoolse opleiding raak vir baie jongmense ’n duur en kwalik bereikbare luukse wat al hoe moeiliker toeganklik is. Die omwenteling na 1994 is maar een van die redes hiervoor. As gevolg van die vesnelde transformasie en regstellende aksie het die vaardigheidstekort in die land reeds krisisafmetings aangeneem. Volgens ekonome se berekening was daar gedurende 2006 reeds 300 000 oop poste wat weens ’n vaardigheidstekort nie gevul kon word nie.



By die Loopbaankompas kan leerders ‘n belangstellingstoets voltooi, hierdie sal jongmense rigting gee in die stormwaters van hul loopbaanreis:
**https://jeug.solidariteit.co.za/loopbaankompas-teken-in/**

Indien ‘n leerder bietjie meer navorsing wil doen oor verskillende Universiteite en Privaat Hoër Onderwys Instansies kan hulle gerus X2Y se webblad besoek:
**https://x2ycareerguidance.co.za/**

En vir meer inligting rondom rentevrye studielenings, besoek gerus Helpende Hand:
**https://helpendehand.co.za/studiefondssentrum/**

SUNRIDGE VILLAGE 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE facebook

# Hoërskool Framesby

# DIE PLEK OM TE WEES!






## BUSDIENS

## VANAF 2022

Private en veilige busdiens, Maandae tot Vrydae vanaf Uitenhage/Despatch na Hoërskool Framesby. Die bus vertrek soggens en laai die leerders na sport- en kultuur-oefeninge af.
Vanaf R1 600 tot R2 000 p.m.

## NUWE VAKKE

## OP DIE HORISON

Die afgelope tien jaar spog Framesby met 'n slaagsyfer van 98,9%. In 2020 spog die skool met 'n 99%-slaagsyfer, 95% van die matriekgroep kan verder aan 'n tersiêre instelling gaan studeer waarvan 83% graadstudies kan doen en 12% kwalifiseer vir diplomastudies. Ons top student spog met 'n gemiddeld van 92,3% en sewe onderskeidings. Sy is ook aangewys as die derde beste leerder in die Port Elizabeth-distrik en het 'n volle beurs vir die duur van haar studies by die premierskantoor ontvang. Die volgende vakke is op die horison: Landbou, Kodering, Robotika en Visuele Kuns.

VOLG ONS OP

**Vir verdere besonderhede kontak die hoof by 062 251 8966**

**041 360 1257 | skoolhoof@framesby.co.za | www.framesby.co.za**

# STUDENTESENTRUM VORDERING:





EINDPRODUK



## INGEBRUIKNEMING: 26 Julie 2021

# FRAMESBY KLEREWINKEL

**PUMA**
**“HOODIE”**
**R700**





**DAAGLIKS OOP VAN 08:00 - 10:00**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: JOHAN SMAL








*Johan Smal*

Johan het in 1983 aan Framesby gematrikuleer.

Op die eerste foto is Framesby se eerste rugbyspan van 1983. Johan sit in die voorste ry, middel, regs van Jacques de Coning. Hierdie span was onoorwonne met mnr Koornhof as afrigter. Die ander foto is verlede maand in die Kaap geneem. Op die foto verskyn Johan saam met Rassie by die klub waar Johan tans voorsitter is. Na sy diensplig en studies het hy sestiem jaar by Delta/GMSA as ingenieur gewerk. Johan het as skakel-ingenieur by Isuzu se fabriek in Tokyo opgetree. Tydens dié periode het hy ons Isuzu-span afgerig en ook gespeel.

Johan is nou betrokke in sy familie-besigheid, naamlik *Amabokoboko.* Hulle het die naam en logo *Amabokoboko* geregistreer. Daarna het hulle Indië toe gereis om ’n reeks rugbyballe vir SA omstandighede te ontwikkel. Johan-hulle het so pas ‘n twee jaar kontrak met Zimbabwe Rugby-Unie geteken. Hulle is nou die nasionalespan se amptelike balverskaffer. In die proses het hulle ook ’n nuwe reeks netbalballe vrygestel. Johan-hulle het tans ’n fabriek in die Kaap wat sportklere vir skole en rugbyklubs vervaardig.

Johan se ma was die huishoudkunde-onderwyser by Framesby en hy kan goed onthou hoe hulle as honger manne altyd pouses die flops in die huishoudkundeklas gaan eet het. Sy gewildste klas was die Skeinat-klas by juffrou Troskie.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



# KONTAK ONS GERUS

Framesby spog met soveel oudskoliere wat naskool presteer. Indien jy van iemand weet en graag die persoon vir volgende week se Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.
Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-posadres om kontak te maak.

Omdat die skool nie altyd in kennis gestel word van prestasies nie, is die skool nie bewus daarvan nie. Ons weet daar is maar min mense wat iets oor hulself sal instuur, dus vra ons dat indien u van iemand weet wat presteer het, u ons sal kontak. Framesby is trots op al hul oudleerders en wil graag spog met almal se prestasies.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7 facebook

# REÜNIES 2021

Op die stadium word daar geen funksies a.g.v. Covid op ons skoolterrrein gehou nie. Ons sal reünie-groepe egter op hoogte hou indien reëlings verander.

Ons vra intussen vir die volgende jaargroepe (1971,1981,1991, 2001 en 2011) om foto's en stories aan na mnr. Rauch by wrauch@framesby.co.za te stuur.

Mnr. Rauch beoog om weer 'n gedenkblad vir die jare se reünie-groepe saam te stel. Ons vra ook dat die hoofleiers van elke jaargroep met hom sal kontak maak.



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOOON NOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.** **Die rede hoekom ons u ID nommer benodig is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

# UIT DIE ARGIEWE:



Die Baai se nuwe wêreldkampioen, Heide Severling, sal voortaan vir seker deur haar Framesby skoolmaats op die hande gedra word. By haar aankoms gister het sy reeds 'n voorsmakie daarvan gehad. Die sterk manne wat haar hier in die lug hou, is, van links Conrey Mostman, Wicus Badenhorst, Laurie Kruger, Roelof Viljoen en Pierre Gouws.
Foto: Lizelle van Pletzen

## Wêreldkampioen Heide kry helde-ontvangs

Wilma Kemp

PORT ELIZABETH. – Die Baai se nuwe wêreldkampioen, Heide Severling, [illegible]

[illegible] komposisie "We love you Heide". [illegible]



**Framesby hou karnaval:** Elke van der Touw (middel) is eergisteraand as Mej. Framesby aangewys in dié skool se jaarlikse skoonheids- en persoonlikheidskompetisie. Haar twee prinsesse is Tanya Vlok (links) en Lezl Weitz. Lou Lochner is as Mnr. Framesby aangewys. Die skool se jaarlikse karnaval word aanstaande Vrydag en Saterdag gehou. Die program beloof prettighede van boeresport, 'n macarena-danskompetisie, motorskou tot 'n rugbykragmeting tussen dié skool en die manne van die Hoër Landbouskool Marlow. Die wenners van die Mnr. en Mej. Framesby kompetisie en hul naaswenners sal 'n spesiale teetuin aanbied.
Foto: Fahed Fells



## Framesby leerlinge kry 'nuwe persoonlikhede' op kamp

Die toneelleerlinge van die Hoërskool Framesby in Port Elizabeth het 'n toneelkamp gehou waar hulle onder meer rollesings gedoen het vir die komende Saltberbeker Toneelfees en vir die ATKV Toneelkompetisie. Elke deelnemer moes 'n vasteland of wêrelddeel voorstel. Van links is Eon van der Walt wat "kaptein Amerika" voorstel, Elsje Gerryts wat die tema "plaas toe" voorstel, Djalita von Mollendorf wat "op pad kerk toe" is en Victor Ferreira is 'n "rockster".

## Lizelle is Junie se jong model

PORT ELIZABETH. – Jong Burger en The Bridge se Model van die Jaar kompetisie het die halfpadmerk bereik. Ons sesde finalis is Lizelle Lane (16) van die Hoërskool Framesby.

Nog ses finaliste moet aangewys word.

Aanstaande week publiseer ons 'n modeblad waarop Lizelle by The Bridge in die klere van Aca Joe pronk.

Vanjaar se wenner gaan in die Lost City uitspan. Sy word deur die SAL gevlieg tot in die Moederstad, van waar sy deur Sun International tot by die eindbestemming gebring word.

Nog borge tot dusver is die juwelier Francarlo, Rare Joy, Ster-Kinekor, adidas, arena en Revlon.

Voornemende deelnemers moet tussen 14 en 18 wees. Geen ondervinding van modelleerwerk is nodig nie.

Al wat ons nodig het, is twee kleurfoto's – 'n kop-en-skouers en 'n vollengte een – asook jou ouderdom, mates en telefoonnommer.

Foto's moet gestuur word aan Wilma Kemp, Posbus 525, Port Elizabeth 6000. Dit kan ook afgelewer word by ons kantore in Cawoodstraat 52, Noordeinde.



Lizelle Lane

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7
facebook

# UIT DIE ARGIEWE:


# FRAMESBY FORUM

HANDHAAF EN BOU

AUGUSTUS 1992

JAARGANG 9 NOMMER 2


# Sportster van die Kwartaal

## Johan Vermaak

Dit was beslis nie 'n moeilike keuse om hierdie keer te maak nie. Johan het by die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms twee goue medaljes vir swem verower, terwyl hy ook 'n nasionale rekord geslaan het. Dié nederige matriek-ou het stilgebly oor sy prestasie en waar vind die sportredaksie dit toe uit? In die koerant! Hier is ons ster!

**Volle name:** Johan.
**Van:** Vermaak.
**Datum van geboorte:** 09/04/74
**Geboorteplek:** Port Elizabeth.

**Hoe voel jy oor jou prestasie?**
Ek voel trots op wat ek bereik het. Ek dink my pa is die trotsste. Al drie sy kinders het OP-kleure in 'n sportsoort gekry.

**Hoe lank was jou voorbereiding vir die SA's?**
In September 1991 het ek hard begin oefen tot en met die SA's in Maart 1992. September het ek gehoor dat ek OP-kleure gekry het.

**Wat was jou gevoel toe jy die SA-rekord geslaan het?**
Dis 'n onbeskryflike gevoel, maar ek was beslis bly.


**Was daar enige trane toe hulle die twee goue medaljes oorhandig het?**
(Is dit nie 'n bietjie persoonlik nie, Dixon!) Die oomblik was te groot om trane in die oë te kry.

Die volgende vrae is baie meer persoonlik. Ek hoop jy is gereed.

**Hoe was die eksamen vir jou?**
Nag, maar ek sal darem oorleef.

**Vraag: Jy is een van die wienige seuns wat al 'n rybewys het en skool toe kan kom met 'n motor. Bespreek.**
Wel, wat kan ek sê? Ek het dit. (Volpunte!)

**Wie is die belangrikste persoon in jou lewe?**
My pa. Hy is die een wat my aanmoedig om net my beste in sport te gee.



**Al jou aanhangers wil baie graag weet van watter soort musiek jy hou.**
Ek het nie 'n spesifieke gunsteling nie. Ek hou van alle musiek, behalwe sekere klassieke en Afrikaanse musiek.

**Wat is jou toekomsplanne?**
Om te werk en geld te verdien.

**O ja, hoekom was jy nie in die saal die dag toe jou prestasies aangekondig is nie?**
Ek was afwesig. So 'n bietjie verkoue, jy weet. (Ek wonder!)

**Laastens: Het jy enige boodskap aan iemand besonders in die skool?**
Aan almal van st. 6 — 9:
"Good luck, it's a long way to go."

Baie dankie, Johan, dat jy hierdie strawwe ondervraging geslaag het. Hoop jy behaal nog baie sukses vorentoe.

*Nou weet ons almal van Johan se suksesse, behoeftes en sy wonderlike toekomsplanne. Ons hou duim vas vir jou en al die ander Matrieks wat die eindeksamen gaan skryf.*


SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Lady J's
BRIDAL STUDIO




**Lady J's Bridal Studio, Shop 23 Sunridge Village Shopping Centre,**
**48 Kragga Kamma Road, Sunridge, PE**
**083 258 7914 or 041 360 3255**